

Visvangpraktyk eis reuse-tol

JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – Sowat 6,6 miljoen haaie, tot 34 000 seevoëls en 4 200 seeskilpaaie vrek na raming jaarliks weens langlynvisvangpraktyke in die Benguela-ekosisteam alleen.

Dit blyk uit 'n nuwe ontleding van die bewaringsgroepe WWF-SA en BirdLife SA.

Dit is die eerste keer dat die effek van byvangste op seevoëls, seeskilpaaie en haaie in dié deel van die osean gekwantifiseer word. Dit spruit uit 'n omvattende studie hieroor waaraan onafhanklike monitormans aan boord van vissersbote meegewerk het.

Me. Samantha Peterson, bestuurder van BirdLife SA en die WWF-SA se program vir verantwoordelike visserye, meen dié resultate moet dien as wekroep vir regeringsgemeenskap met die visserybestuur in dié deel van Suider-Afrika. Dit geld veral te midde van hul verbintenis tot 'n ekosistemenbenadering vir die bestuur van mariene hulpbronne.

“Dit is nie 'n probleem wat een land alleen kan takel nie,” sê Peterson. “Seevoëls en ander mariene spesies steur hulle nie juis aan landsgrense nie.”

Langlynvisserybestuur moet in die lig van die resultate opnuut deur Suid-Afrika, Namibië en Angola bekyk word om byvangste te beperk, sê dr. Deon Nel, bestuurder van die WWF-SA se akwatiese eenheid.

Dié drie lande is gemoeid met die



Terwyl seevoëls soos albatrosse oor die osean swerf, kruis hul pad dikwels met dié van treilers wat met vislyne van tot 100 km lank en duisende hoeke elk toegerus is. Seevoëls vrek as dié lyne sonder voorsorgmaatreëls laat sak word. In die Benguela word onder meer bloubek-, swartrug- en Atlantiese geelneus-albatrosse as byvangste uitgetrek.

Benguela-opwellingsgebied Groot Mariene-ekosisteam (BCLME)-program. Dit is 'n gesamentlike inisiatief om die bestuur van die Benguela-ekosisteam in sy geheel (oor landsgrense heen) te verbeter. Nel meen die BCLME-kommissie, wat dié lande betrek, kan 'n groot rol hierin speel.

Nel sê die verslag het nié ten doel om vingers na sekere visvangsektore te wys nie, maar om volhoubare benutting van mariene bronne aan te moedig.

Sowat 35 miljoen langlynhoeke word na raming jaarliks in die Ben-

guela uitgegooi (onder meer om tuna, stokvis en swaardvis mee te vang).

Ekologiese druk op seevoëls, haaie en skilpaaie weens byvangste geskied te midde van groot ekologiese veranderinge wat oënskynlik in dié ekosisteam onderweg is.

Peterson sê daar is kommer oor 'n gebrek aan die toepassing van permitvoorwaardes in Suid-Afrikaanse gebiedswaters wat die gebruik van voëlverskrikingslyne betref. 'n Suid-Afrikaanse vaartuig het onlangs 'n boete van R2 500 gekry (die eerste in sy soort tot nou

toe) weens oortredings hieroor.

Namibië kort dringend maatreëls om byvangste te beperk en moet ook die internasionale ooreenkomste oor die bewaring van albatrosse en stormvoëls onderskryf. Dié land kort ook 'n totale toelaatbare vangsvir haaiespesies wat kommersieel geteiken word.

In Angola, waar min data oor byvangste bestaan, is 'n goeie moniteeringsprogram dringend nodig.

Suid-Afrikaanse langlynbote is jaarliks na raming verantwoordelik vir sowat 500 seevoëls (waaronder albatrosse en malgasse) wat vrek, terwyl 30 850 seevoëls jaarliks in Namibiese gebiedswaters weens langlynvisvangpraktyke vrek.


Dié syfer is aansienlik hoër in Namibiese gebiedswaters omdat daar meer langlyntreilers as hier bedrywig is, verduidelik Peterson. Die Suid-Afrikaanse syfer sluit ook nie byvangste op die Agulhasbank in nie.

Die groot getal haaie wat jaarliks as byvangste uitgetrek word, kan 'n beduidende effek op die mariene ekosisteam hê, sê Nel.

In die verslag word talle praktiese voorstelle verskaf om byvangste te verminder.

- Die meeste albatrossespesies wêreldwyd is óf bedreig óf baie bedreig, sê BirdLife International. Vyftien van die 24 spesies albatrosse en stormvoëls wat tans deur uitwissing in die gesig gestaar word, bring heelwat tyd in plaaslike gebiedswaters deur.

- Besoek www.panda.org.za vir die verslag.



'n Albatros wat vroeër aan 'n langlynhoek beland-en versuip het.

C212

Foto's: GARTH STEAD